# AFDELING
# B

# A F D E L I N G   B.

## HOOFSTUK V.

## HISTORIESE SKETS VAN DIE CHRISTELIKE OPVOEDKUNDE.

### 1. Vroegste Geskiedenis van die Opvoedkunde.

#### (a) Inleiding.

Herman Bavinck beklee 'n besonder belangrike plek in die geskiedenis van die Christelike opvoedkunde. Nie alleen is hy 'n voorloper in 'n tydperk toe die Christelike opvoedkunde 'n laagtepunt bereik het nie, maar hy gee ook rigting aan wat vandag nog as steunpilaar vir die Christelike opvoeding dien.

Hy tree na vore aan die einde van die negentiende eeu en aan die begin van die twintigste, toe rigtinggewende leiding soos min in die geskiedenis nodig was.

Om dus 'n regte waardebepaling van Bavinck te verkry, is dit nodig om 'n historiese skets van die Christelike opvoedkunde te gee. Om dit te doen, is dit vir ons nodig om die Christelike lyn deur die geskiedenis van die vroegste eeue af tot die moderne tyd te volg.

Die geskiedenis van die oudste kultuurvolke en van die Jode word hier nagegaan. Daarna word die ontstaan van die Christelike opvoedkundige praktyk behandel, waarna gelet word hoe die Christelike opvoeding ontwikkel het in die reformasie, die sewentiende eeu, die piëtisme, ná die agtiende eeu en in die moderne tyd.

#### (b) Voorgeskiedenis.

Opsetlike opvoeding, dit is leiding by die ontwikkeling van liggaam en siel, is so oud soos die mensheid self, terwyl die opvoedkunde nog 'n jong wetenskap is. Die vraag of die pedagogiek 'n wetenskap is, het verskil in mening

uitgelok. Bavinck beskou dit as 'n wetenskap.[1] Hy wys ook daarop dat vir die wetenskaplike arbeid die Skrif as kenbron vir die waarheid geld.[2] Ook Waterink is die opvatting toegedaan.[3]

Die geskiedenis van die onderwys en opvoeding hou homself hoofsaaklik met die praktyk besig, daarom stel dit dan ook persone -die groot opvoedkundiges- en hulle arbeid op die voorgrond. Dit word dan 'n geskiedenis van die lewe van vooraanstaande persoonlikhede en hulle stryd om hul ideë by die mensekind te laat ingang vind. Veelal word die persone nie deur hulle tydgenote waardeer nie en word hulle ideale en praktyk deur tydgenote vervlak en neergehaal.

Sulke persone is kinders van hulle tyd[4] wat hul ideë uitdra in die eeu waarin hulle leef.[5] Daarom is die geskiedenis van die opvoedkunde ook nie te skei van die geskiedenis van die geestestrominge nie. Dit is nie toevallig dat die ideë van Locke, Montaigne en Rousseau ooreenkoms toon nie. De la Salle se idee pas volkome in die gees van sy tyd en selfs 'n selfstandige denker soos Comenius gaan nie 'n aparte rigting in nie.

Die opvoedkunde dra egter steeds 'n persoonlike karakter en dit verklaar die opmerklike eensydigheid van die pedagogiese rigtinge wat opmekaar volg. Die een kant word gewoonlik so skerp belig dat die harmonie verbreek word. So erg is die verskille dat die geskiedenis van die pedagogiek meermale na 'n geskiedenis van vergissinge lyk. Deur die eensydigheid en vergissinge kom die suiwere langsamerhand na vore.

---

1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 215.
2. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 66.
3. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 3 - 167.
4. Bavinck: „Richtingen in de Paedagogiek", in Verzamelde Opstellen, 215.
5. Ibid.

Die drie kenmerkende elemente van die opvoedkundige geskiedenis is: die geestesstrominge, die persone en die invloed van beide op die praktiese opvoeding en onderwys. Bygaande skema gee 'n taamlike oorsig van die rigtinge in die pedagogiek. Dit is aan Van Duyvendijk en Visser ontleen.[1]

Bavinck, die Calvinis, is 'n uitgesproke verteenwoordiger van die Christelike beginsels in die opvoedkunde.[2]

### (c) Voorgeskiedenis tot die Begin van die Christelike Pedagogiek.

#### (i) Die Oudste Kultuur.

Om 'n duidelik insig te kry in die geskiedenis van die Christelike pedagogiek is dit vir ons nodig om ook 'n oorsig te gee van die pedagogiek soos dit by die volkere voorgekom het voordat die Christelike invloed geldend was.


Die oudste kultuurvolke, die Assiriërs, Babiloniërs en Egiptenare, ongeveer 4000 voor Christus, het 'n hoë trap van beskawing bereik. Die groot handelspad van Babilonië na Egipte het meegehelp dat die kultuur ook na Klein-Asië, Sirië en Palestina oorgedra is. Die grootpad het ook daartoe bygedra dat die twee kulture versmelt het en die skeepsvaart het die Oosterse en Westerse kultuur na mekaar gebring. In die agste eeu voor Christus verval die Assiries-Babiloniese ryk; eers die Mede en daarna die Perse neem die mag oor. Alexander die Grote verower die Perse en so versmelt die Oosterse en Westerse kulture. Die Hellenistiese kultuur word nou wêreldkultuur.

---

1. Van Duyvendijk en Visser: Nieuwe Geschiedenis der Paedagogiek, 8.

2. Schutte: Die Leergange en die Leerboek in die Beginsels van Opvoeding vir Opleiding van Onderwysers in Transvaal, 208 - 211.

## SKEMATIESE OORSIG VAN DIE GEESTELIKE EN PEDAGOGIESE VERWANTSKAP.



Abraham, die stamvader van die Joodse volk, is in die kultuurland Babilon gebore;[1] ~~Jakob in Egipte.~~[2] Moses red die Joodse volk na vier eeue van Egiptiese onderdrukking en Josua is dit gegun om die volk na beproewing in die woestyn, Palestina binne te lei. Deur die ligging van Palestina aan die groot handelsweë kon die betrekking met die kultuurlande onderhou word.

Uit die Griekse kultuur ontwikkel 'n spesifieke Griekse rigting, soos grootmeesters Sophocles, Euripides en Socrates dit aan ons voorgehou het.[3] Plato en Aristoteles, die kundige beoefenaars van 'n religieuse filosofie, maak Athene tot 'n brandpunt van wetenskap. Na 3000 voor Christus sien ons egter twee kultuurinvloede werk: die Hellenistiese wat wysgerig gefundeerd is, en die Joodse wat godsdienstig gegrondves is.

By die Spartaanse opvoeding geld twee stellinge: die kind is die eiendom van die staat en die opvoedingsdoel is die kweek van soldate en die vorming van staatsburgers. By Athene was die opvoedingsideaal om 'n staatsburger op te lei deur harmoniese vorming van liggaam en gees. Die sofiste stel as hoofprinsipe dat die mens die maatstaf van alle dinge is.[4]

(ii) <u>Die Opvoeding van die Jode.</u>

Vir die Christen en by die behandeling van die Christelike pedagogiek is die opvoeding van Jode onder die ou kultuurvolke van die allergrootste belang.[5] Dit is die volk aan wie God hom geopenbaar het en uit wie die saligmaker

---

1. Gen. 11:28.
2. ~~Gen. 12:14; 25:20~~.
3. a. Rombouts: Historiese Paedagogiek. I, 25 - 34.
   b. Bigot en Van Hees: Verleden en Heden, 12 - 13.
4. Janssen en Visser: Van Plato tot Decroly, 5 - 6.
5. Horne: This New Education, 197.

Jesus Christus gebore is. Die Ou Testament wat die belangrikste deel van die Israelitiese literatuur vorm, is geskrywe uit geroepenes van die volk en dit is die heilsopenbaring. Die Christen het die godsdiens van Israel deelagtig geword. Daar is een God, die Skepper, Onderhouer en Regeerder en almal, van die belangrikste tot die onbelangrikste, staan onder Sy onmiddellike wet. God self het hierdie volk uitverkies, hom gelei, regeer en opgevoed. Ook het die Here hom gelei deur die woestyn, en sy opvoedingswerk voortgesit in Palestina, 'n land wat geïsoleerd is, en tog deurkruis word deur hoofweë; 'n land van vloek en seëninge, van voorspoed en teenspoed; 'n land waar die volk gedurig na hulle God moes opsien om hulp en danksegging. Daar was gedurig die verband van die Vader tot die kind, en die kind het gedurig sy afhanklikheid van 'n genadige, regverdige, strenge Vader gevoel. 'n Heilige Vader moet ook heilige kinders hê[1] en hiermee is die allerhoogste opvoedingsbeginsels aan Israel gegee.[2] Die verbond met Abraham is die grondslag ook van die volk se opvoeding. Daar is 'n verband tussen Vader[3] en kind en nie 'n teenstelling tussen mag en onmag, ryk en arm, heerser en onderdaan nie.

In die Godstaat van Israel is die Here die regeerder; Hy voed die volk self op; Hy gee die wette op Horeb; Hy sorg nie alleen vir die manna in die woestyn nie maar skryf ook die opvoeding voor. Na siel en liggaam word die volk deur God die Vader versorg.[4] Deur God se profete en deur Homself word aan die volk teoretiese en praktiese voorskrifte vir sy opvoeding gegee. Elia dreig die volk nie alleen nie maar straf hulle met droogte en andersins en die

---

1. Lev. 19:2.
2. Mig. 6:8.
3. Cunningham: The Pivotal Problems of Education, 157.
4. Bigot en Van Hees: Verleden en Heden, 17.

volk word ook vir sy gehoorsaamheid beloon. As hulle afgode dien, kom die tugroede en as die volk gehoorsaam is kom ook weer die seëninge.

Tot vandag toe is die Israelitiese volk as eenheid goed en sterk bewaar gebly. So ook het sy godsdiens en nasionaliteit as eenheid bewaar gebly, omdat hy in een God geglo en sy volk godsdienstig en nasionaal opgevoed het. Die lewensbeskouing van die Israeliete en so hulle opvoeding is daarop gebaseer dat daar een God is, dat die God hulle as Sy enigste volk uitverkies het en dat uit hulle die Messias gebore sal word.

Van die Israeliete het die Christen sy monoteïstiese godsdiens, die Ou Testament, die Tien Gebooie en die profesieë oor die koms van Jesus Christus, die Verlosser en Saligmaker gekry.[1] Sonder kennis van die opvoeding by die Israeliete sou ons nie die Christelike opvoeding kan verstaan nie omdat dit sy oorsprong en ankers in die opvoeding van die ou volk het.

Die eerste tydperk van die Israelitiese opvoeding strek van die uittog uit Egipte, ongeveer 1,500 voor Christus, tot die Babiloniese ballingskap in 586 voor Christus, en die tweede tydperk van 586 voor Christus tot die verwoesting van die tempel deur Titus in 70 na Christus. Die ouers, priesters en profete was die opvoeders gedurende die eerste periode. Gedurende die tweede periode het naas die ouers die skrifgeleerdes in die sinagoges geleer. Die Talmoed[2] en die boeke van die Ou Testament is die enigste bronne waaruit

---

1. Rombouts: Historiese Pedagogiek, I, 47 - 52.

2. Cubberley: Readings in the History of Education. „Talmoed", 41 - 42.

ons inligting oor die opvoeding van die Israeliete kan put.[1]

Die verbondsverhouding was die hoeksteen van Israel se opvoeding.[2] Ten alle tye was Israel die volk van God uit wie die Christus gebore sou word. Die opvoedingsdoel en inhoud lê daarin opgesluit dat die kinders en die volgende geslag van die roemryke dade van die Here moet verneem; hulle moet die wet ken en hulle moet hulle vertroue op God stel en Sy gebooie bewaar.[3]

Skryf en lees was waarskynlik iets gewoons by Israel; die wette is op kliptafels geskryf en gegrif en die geskiedenis van die Rigters is opgeskryf.[4] Dit skyn dus asof die skryfkuns algemeen beoefen is. In die profeteskole is in hoofsaak die wet geleer. Die opvoeding wat godsdienstig en nasionaal was, was vir almal bedoel. Die ou Israeliet het van die standpunt uitgegaan dat almal voor God gelyk is, almal verbondskinders is en daarom geld die wet vir almal en moet almal so opgevoed word. Kinders is 'n seën van die Here en elke vrou het verlang om kinders te hê. Ook was die begeerte van elke vrou om geboorte aan die Messias te skenk. Die oudste kind het 'n belangrike plek ingeneem en aan seuns is meer aandag as aan meisies geskenk, hoewel laasgenoemde nie verwaarloos is nie.

Uit die geskiedenis blyk dit dat die volk nie by sy opvoedingsgedagte gebly het nie.[5] Daar was baie afdwalinge maar God het ten alle tye die opvoedingsgedagte gehandhaaf.

---

1. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 9 - 11.
2. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 129.
3. Ps. 78:3-7.
4. Rigters 8:14.
5. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 136.

God belowe gedurig aan sy volk loon op hulle arbeid maar wys hulle ook op die onmag sonder God.[1] Voortdurend egter lees ons van God se sagmoedigheid en lankmoedigheid. As God tugtig doen Hy dit uit liefde.[2] By die opvoeding geld dit ook dat wie die roede terughou, sy seun haat; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging.[3] Die beginsel van skaamte is nie vir die mens nie maar dit is 'n kinderlike vrees vir God.[4] Die opvoeder moet self voorbeeldig wees,[5] maar ook daarom word hy geseën.

Die opvoeding by Israel het dus sy besondere karakter en moet altyd in verhouding tot Gods-verbond gesien word. Daardeur word die opvoeding 'n heilige werk en is die opvoeders in hulle werk dienaars van God. Die kinders moet nie opgevoed word tot heiliges nie, omdat hulle kragtens die verbondsverhouding van die volk tot God self heilig is. Ongehoorsaamheid kom dan op verbondsverbreking neer en neem dus 'n besondere karakter aan. God self gee aan Israel leiding by sy vrae oor die pedagogiek en by die opvoedingstruktuur.[6]

Moses en Salomo is vir die opvoeding seker twee van die belangrikste figure in die Ou Testament. Moses moes die volk lei en opvoed onder moeilike omstandighede; hy het die Here van aangesig tot aangesig geken; hy is die kneg van die Here wat self die wette ontvang het. Hy was toegerus vir die taak om Gods volk op te voed. Salomo, die wyse, die seun van Dawid, het vir ons en vir alle opvoedkundiges sy Spreuke nagelaat. Hierin word wysheid en tug geleer,

---

1. Deut. 8:3.
2. Spr. 3:12.
3. Spr. 13:24.
4. Spr. 15:33.
5. Ps. 84:7.
6. Sien: Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 133 - 144.

kennis en insig, geregtigheid, reg en regverdigheid. Van die tug en onderwysing sê hy: „want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals."[1] Die Spreuke is vir die opvoedkundige teorie en praktyk van die Christelike opvoeder 'n lig op sy pad.[2] Salomo se wyse raad is dan ook: „Vrees God en hou sy gebooie; want dit is die hele mens!".[3]

2. Die Ontstaan van die Christelike Opvoedingspraktyk.

(a) Die Koms van Jesus Christus.[4]

Met die koms van Jesus Christus op aarde kom daarmee saam 'n nuwe bedeling in die ontwikkeling van die Godsopenbaring.[5] Nou het die Jode opgehou om die uitverkore volk te wees; die nuwe bedeling kom in vervulling. Die opvoeding onder die nuwe bedeling dra vir die Christen 'n heeltemal ander karakter en inhoud as wat dit onder die ou verbondsvolk die geval was. Met die koms van Christus is die nuwe opvoedingsideaal na die westerse Christelike lande uitgedra.[6]

In die vier Evangelies en in Handelinge I word van die lewe en werk van die Here Jesus verhaal. Die vier evangeliste, onder leiding van die Heilige Gees, deel mee, elkeen na sy eie gawe en gesigspunt: Mattheus wys op die vervulling van die Ou Testament deur Jesus. Markus laat ons Jesus as die oppermagtige Koning sien. Almal wat met Hom in aanraking kom, het onder die indruk van sy ewige Koningskap verkeer. Markus wys op Sy wonderwerke, Sy mag oor die bose, Sy mag oor die dood en lewe. Lukas wys op

---

1. Spreuke 1:9.
2. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 20.
3. Pred. 12:13.
4. Coetzee: op. cit., 57 - 59.
5. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek II, 147.
6. Sien Van Veldhuizen: „Jezus als Opvoeder", in Paedagogisch Tijdschrift, 1930, 116 - 126.

die barmhartige Hoëpriesterskap. Jesus help almal wat vermoeid en belas is; almal word gehelp en daar is geen verskil tussen ryk en arm, sondaars, tollenaars, verdruktes en ellendiges nie. Die opvoedingswerk van Christus moet gesien word in die lig soos deur die drie evangeliste voorgestel. Johannes laat die Here vir ons sien as Profeet en dit is vir die opvoeding van besondere belang, omdat ons Hom leer ken as leraar en profeet. Hy is die Woord van God en wie na Hom luister, luister na God. Jesus word dus in sy amp as waaragtige Koning, ewige Priester en hoogste Profeet uitgebeeld.[1)]

'n Weinig meer as drie jaar het Christus in die openbaar gearbei en in hierdie kort tyd kan vyf tydperke onderskei word. In die eerste tydperk predik Hy die koninkryk van die hemele. Soos een met mag, praat hy vry, en die Bergpredikasie[2)] verwonder die mense. Gedurende die tweede tydperk, toe die haat en vyandskap van die skrifgeleerdes en fariseërs reeds hoog geloop het, praat die Here meer bedek deur gelykenisse. Met die derde paasfees begin ook die derde tydperk waarin Hy, na die prediking tot die 5,000, met Sy dissipels van plek tot plek swerf. Nou wil Hy Sy aandag rustig aan hulle wy, om aan hulle te verduidelik wat Sy taak op aarde eintlik is. In die vierde tydperk wys Jesus op Sy middelaarskap: alleen deur Hom kan die Ewige Heerlikheid bereik word. Die vyfde periode sluit Sy opstanding en hemelvaart in. Aan sy dissipels, wat nou apostels geword het, gee Hy nou die mees omvattende, skoonste en heerlikste opvoedingsopdrag met Sy woorde aan Petrus: „Laat my lammers wei", „Pas my skape op" en „Laat my skape wei."[3)]

---

1. Sien Ulrich: History of Educational Thought, 61 - 71.
2. Mattheus 5 - 7.
3. Johannes 21:15 - 17.

(b) <u>Teorie en Praktyk van Jesus se Opvoeding.</u>[1]

Jesus het gekom om die wil van die Vader op aarde te volbring; daarom was Sy taak om God te verklaar, Sy heerlikheid te openbaar, die wet te verklaar, die blye boodskap van die Evangelie te verkondig en om Homself aan te kondig as die Vervuller van die Evangelie se inhoud. Die doel van Sy onderwys lê daarin dat ons eers die Koninkryk van die hemele moet soek, dan sal die ander dinge vir ons toegevoeg word. Daarby kom die gebod: „Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."[2] Die einddoel van alle opvoeding is in hierdie verhewe woorde duidelik en eenvoudig gestel. Die mens moet sy God liefhê en ook sy medemens, maar die onderwys moet ook tot almal gerig word. Almal word by Sy onderwys ingesluit: sondaars, verdruktes, dissipels, tollenaars, grootmense, die man, die vrou, die vreemdeling en die kind. Besonder teer is Sy woorde oor die kinders: „Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God."[3] Die inhoud van Jesus se onderwys is die verkondiging van Gods Koninkryk. Hoewel die inhoud van Sy onderwys aan almal verkondig word, tog onderskei Hy tussen die aardse en hemelse dinge.[4] Onder die aardse dinge word verstaan: kennis van goed en kwaad, loon en straf, verbond en genade. Hierdie waarhede is nodig om die hemelse waarhede te ken. Dit is: die Koninkryk van die hemele, die Seunskap van Jesus Christus, Sy Middelaarskap. In die vervulling van die wet en die verhouding van die Evangelie word Gods Koninkryk geopenbaar.

---

1. Coetzee: <u>Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue</u>, 59 - 63.
2. Mattheus 22:37-39; Mark. 12:30-31; Lukas 10:27.
3. Lukas 18:16, Mattheus 19:14, Markus 10:14.
4. Johannes 3:12.

Die Here het al wandelende onderwys gegee: by die tempel, op die skuit, op straat, by die waterput. Daar was egter in die geestelike sin tog 'n skool gestig, naamlik die van die twaalf dissipels. Hulle word doelbewus vir hul apostelskap gevorm. Gelykenisse wat aan die skare gegee word, word aan die dissipels verduidelik; aan hulle is die lig geopenbaar. Sy dissipels is nie uit die skrifgeleerdes gekies nie, maar uit die gewone, ongeletterde, opregte mense, en Hy tree as hulle vriend op.[1] Deur die gesproke woord kry die dissipels hulle onderrig. Sy woord is egter enig in frisheid, ongedwongenheid, helderheid en diepte, omdat Hyself die Woord van God is. Die woord word deur handeling aangevul soos by die reiniging van die tempel.

Coetzee wys op die hoofkenmerke van Sy opvoeding: dit is geleidelik, persoonlik, saaklik, opvoedend en vormend, waaragtig selfontdekkend en aanskoulik.[2]

„In die taal van die moderne opvoedkunde kan ons sê dat nêrens in die onderwys van enige ander leraar so 'n volmaakte aanwending van die psigologiese beginsels van die opvoedingsmetode te vind is nie."[3]

Omdat Hy God self is, is Hy 'n volmaakte leraar wat Meester van alle meesters is.

(c) <u>Die Vroeë Christelike Opvoeding.</u>

Nadat die Romeine hulle groot verowerings voltooi het, was daar vrede en daar het 'n wet vir die nasies bestaan wat gemeenskaplik aan alle verowerde nasies was. Onder hierdie omstandighede is die weg vir die Christendom se verspreiding voorberei.[4] Die Christene kon vry hulle leer

---

1. Ulrich: History of Educational Thought, 69.
2. Sien Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 62 - 63.
3. Ibid., 63.
4. Duggan: History of Education, 67.

verkondig. Die wêreld- en lewensbeskouing van nasies het ook hulle opvoeding bepaal. Dit is te begrype dat die leer van die Christendom in die leer en praktyk van die opvoeding 'n groot verandering aangebring het. Dit is in sigself nie 'n pedagogiek nie, maar terwyl dit die mens in die weg van wedergeboorte tot 'n burger van die hemelryk maak, en in 'n nuwe kinderlike verhouding tot God stel, het dit tog op die onderwys en opvoeding 'n magtige invloed.[1] Dit kom ook daarin uit dat, toe die Christendom in die loop van die eeue homself in verskillende kerke en belydenisse verdeel het, elkeen hiervan in die gemeenskaplike opvoedingsideaal weer sy besondere en eienaardige wysiginge gebring het.[2]

Die betekenis van die Christendom naamlik dat 'n sentrale persoon in Jesus Christus vol van die genade en waarheid tot openbaring gekom het, is vir die opvoeding van die grootste betekenis. Eerstens vind die opvoeding in Gods Woord 'n vaste bron, 'n onveranderlike en heilige ideaal. Tweedens kon die opvoeding sy inhoud nou groepeer om die absolute waarheid van die Skrif wat as middelpunt aan hom gegee is. Derdens het die Christelike geloof aan die mensheid 'n ander kyk op die natuurlike lewe gegee. Die mense is voor God gelyk; die eenvoudigste beroep word in Christus geheilig; die skerp teenstelling tussen vrye en onvrye mense word versag.[3] Die doel van die Christelike opvoeding, naamlik waaragtige godsvrug, organies met 'n deeglike kennis van 'n egte beskawing verbonde,[4] word duidelik gestel.

Die klassisisme het weldra sy invloed laat geld.[5] Skaars het die eerste Christene die absolute karakter van die

---

1. Bavinck: „Richtingen in de Paedagogiek", in Verzamelde Opstellen, 215.
2. Sien Van Veldhuizen: „Paulus als Opvoeder", in Paedagogische Tijdschrift 1920, 97 - 105.
3. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 130.
4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 8.
5. Adams: The Evolution of Educational Theory, 230.

Evangelie ingesien, of die neiging ontstaan om die Skriftuurlike gegewens met die wysgerige motiewe van die heidenwêreld te verbind. Die Griekse opvatting van die lewe het met die Christelike ideaal gebots.[1] Die Christelike opvoedingspraktyk het nie soos 'n towerslag ontstaan nie: dit is 'n proses van enkele eeue. Hierby moet ons ook nog onderskei tussen wat die eerste Christendom van die Helleense wêreld oorgeneem het en dit wat kragtens eie reformerende beginsel omvorm of nuut geskep is. Die vroeë Christendom gee geen aandag aan die organisasie van skoolonderwys nie en laat hulle kinders in die heidense retoreskole opvoed, wat onder invloed van die sofiste staan.[2] Baie kerkvaders is in hierdie skole gevorm.

In die tweede eeu, pas na die na-apostoliese tyd, ontstaan die sogenoemde Katekumeense skool (toehoorder).[3] Die skool het uit drie klasse bestaan. In die eerste klas, die voorbereidende, het die toehoorders plek geneem. Hulle moes swygende en luisterende die godsdiensoefening bywoon. As hulle aan die einde van hierdie kursus die bygeloof afsweer, mag hulle die tweede klas, die Heilige Mis, bywoon. Die derde klas was vir die verlangendes, wat vlak voor die Doopsel gestaan het.[4] Die leraar was 'n biskop. Ook vroue het onderrig ontvang. Die onderwys het bestaan uit die leer van die Twaalf Artikels van die Geloof, die Onse Vader en gedeeltes uit die Bybel.[5]

Die Episkopale skool was 'n inrigting vir die opleiding en vorming van leiers vir die menigte. Begaafde

---

1. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 163.
2. Leach: Educational Charters and Documents 598 - 1909, xvii.
3. Janssen en Visser: Van Plato tot Decroly, 26.
4. Ibid., 27.
5. Douwes: Moderne Paedagogiek, III, 20.

jong mans het hier onderrig ontvang nie slegs in die teologie nie maar ook in die sekulêre vakke.

Die Kategeteskool was in die eerste plek 'n opleidingskool vir kategete of teoloë. Tweedens kon jong manne wat nie priesters wou word nie hier 'n hoër ontwikkeling opdoen. Derdens kry die skool 'n apologetiese[1] en 'n polemiese betekenis deurdat dit die sentra word waaruit geloofsverdediging uitgegaan het. Alexandrië, waar Clemens van Alexandré die grondlegger van die Christelike sedeleer was, en waar Origenes, die geleerdste man van sy tyd, doseer het, was die beroemdste van die Kategeteskole. Ander Kategeteskole was by Antiochië, Cesarea, Edessa, Jerusalem, Rome, Konstantinopel en Kartago.[2]

(d) Vroeë Christelike Pedagoë.

(i) Inleiding.

Die ou kerkvaders is die pioniers van die Christelike opvoedkunde. Hulle het nie skooltegniese en metodiese vraagstukke bespreek nie, maar wel die sedelike eise wat aan die opvoeder en opvoedeling en hulle werksaamhede gestel moes word.[3]

Ons kan hier alleen die name van enkele Christelike pedagoë noem en vir 'n oomblik by die belangrikste stilstaan, naamlik Augustinus. Daar was eerstens Paulus (omstreeks 2 - 65 na Christus), uit wie se briewe ons sy opvoedkundige gedagte kan volg.[4] Ons dink aan sy pragtige beginsel van die liefde.[5] Basilius die Grote (330 - 379), biskop van Cesarea, het die kloosterlinge verplig om vir arm kinders en

---

1. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 169.
2. Janssen en Visser: Van Plato tot Decroly, 28.
3. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 72.
4. Van Veldhuizen: „Paulus als Opvoeder", in Paedagogisch Tijdschrift, 1920, 102.
5. 1 Kor. 13.

wese wat hy opgeneem het, te sorg. Johannes Chrysostomus (goudmond), patriarg van Konstantinopel, behandel verskillende vraagstukke: onder andere skets hy die beeld van 'n Christelike moeder en dring op 'n Christelike gesinslewe aan. Hieronymus ( omstreeks 340-420 ), bestuurder van 'n klooster by Betlehem, vertaal die Heilige Skrif in Latyn en gee verskillende wenke oor die opvoeding van kinders. Sy briewe aan Laeta en aan Gaudensius oor hulle dogters Paula en Pacatula se opvoeding is bekend.[1]

(ii) Aurelius Augustinus (354-430).

Augustinus is in Tagasta in Afrika gebore en is die seun van die vrome Christin, Monica. Hy was geniaal van aanleg. Deur heidense studies dwaal hy geestelik en sedelik af en doseer selfs in Kartago, Rome en Milaan. Op 33 jarige leeftyd kom hy egter tot bekering en sewe jaar later was hy biskop van Hippo.[2]

Augustinus is een van die beroemdste kerkvaders. Hy het die grondslag gelê vir die ortodoksie van die Rooms-Katolieke kerk en tot vandag toe beroep laasgenoemde en die Protestantse kerke hulle nog op sy gesag. Die klassieke het hy grondig geken, daarom dat hy die leer van die kerk uitwerk. Hy sluit hom by die heidense wysheid aan. Sy beroemde vergelyking het deur die middeleeue in swang gebly. Die vergelyking is dat toe die Israeliete uit Egipte trek, het hulle van die Egiptenare goud en silwer gekry. God het hulle tydelik in besit van die dinge gestel. Die Egiptenare het van die dinge misbruik gemaak, maar by Israel word dit alles in diens van die erediens gestel. So doen die Christen met die skatte van wysheid wat hy van die hei-

---

1. Janssen en Visser: Van Plato tot Decroly, 28 - 29.

2. Ibid., 29.

dense wysgere verkry.[1] Die aanvaarding van hierdie heidense wysheid is oorsaak dat die middeleeue nie 'n eie pedagogiek en psigologie voortgebring het nie en dat Augustinus nie 'n afsonderlike werk oor opvoeding en onderwys geskryf het nie.

Die opvoeding van die middeleeue was in sy grond heidense letterkunde, met welsprekendheid as doel. Hierdie grondtoon is van die Grieke oorgeërf. In Augustinus se werke staan opmerkinge wat vandag nog van waarde is. Hy waarsku teen onkiese taal in die klassieke; dit moet nie gelees word nie omdat dit die siele van die jeugdiges vergiftig. In sy „Confessiones" (Belydenisse) gee hy 'n beskrywing van sy onderwys; die skool het die speellus doodgemaak en daardeur die leerlus laat verdwyn; bedreiging en straf bring die leerling nie tot ywer en volharding nie; die grond tot ontwikkeling lê in die siel self; 'n mens leer die beste uit eie aandrif.

Sy beroemde „De Catechizandis Rudibus," (Oor die godsdiensonderwys aan onwetendes) ontleed Augustinus op meesterlike wyse die psigé van Deograsias wat kla dat sy onderwys lusteloos en sleg is. Hy spoor die oorsake op waardeur die lusteloosheid ontstaan en doen bestrydingsmiddele aan die hand. As uitgangspunt neem hy: „God het 'n blymoedige gewer lief,"[2] en daarna lewer hy 'n skitterende pleidooi oor die: „Opgewektheid by die onderwys." Lusteloosheid moet deur liefde vir die leerlinge bestry word: die onderwys moet so wees dat die leerlinge met genoeë opneem, wat fris en vrolik uit die ryk bron van liefde opwel.[3]

---

1. Aangehaal deur van Duyvendijk en Visser: Nieuwe Geschiedenis der Paedagogiek, 8; en
   Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 132.

2. II Kor. 9:7.

3. Van Duyvendijk en Visser: Nieuwe Geschiedenis der Paedagogiek, 21.

Die doel van die opvoeding is die hoogste goed en die opvoeding moet negatief en positief werk. Die eerste (tug) moet beteuel; die tweede (onderwys) moet onderrig. Vir die een is vrees nodig, vir die ander liefde. Die onderwyser as voorbeeld van opgewektheid veral is van die allergrootste belang. Met die eie aard en aanleg van die leerling moet rekening gehou word; nie die staat nie maar die kerk, huisgesin en skool is die opvoeders. Liefde is die vervulling van die pedagogiese wet.

Die invloed van Augustinus het tot ver na die middeleeue deurgewerk. Selfs die Reformasie van Luther en Calvyn het in sekere sin Augustinus se invloed ondergaan. Augustinus het die grondslag vir die Christelike opvoeding van alle eeue gelê.[1)]

Die Rooms-Katolieke kerk het die ortodoksie van die groot geleerde gebruik om homself te verhef tot die „alleen saligmakende moederkerk " wie se mag uitgaan bo die vorste van die aarde. Elke gebied was aan die kerk onderwerp; dus het die jeug se opvoeding ook van die kerk uitgegaan en het in diens van die kerk gestaan.

Augustinus staan as 'n groot figuur midde in die stryd. Die skatte wat by hom te vind is, is nie deur die wat na hom kom, uitgebuit nie. Die erfgename het nie sy Christelike opvoedingsteorie geken of erken nie. Die merkwaardige neiging na die verheerliking van die klassieke is nie oorwin nie, met die gevolg dat die struktuur van 'n Christelike pedagogiek, soos gesien deur Augustinus, nie deur die middeleeue begryp is nie.[2)]

---

1. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 84.
2. Waterink: Inleiding in de Theoretische Paedagogiek, II, 181.

## 3. Reformatoriese Opvoeding.

### (a) Die Humanisme en die Hervorming.

Die kerk se oorheersende invloed gaan aan die einde van die middeleeue verlore; deur innerlike verwording is die kerk se krag verbreek. Deur die filosofie van die skolastiek is sy leer versteen; sy leiding mis die moed van geloofsoortuiging en die Heilige Skrif is 'n geslote boek.

Dit is die tyd van Rafael en Michelangelo; die tyd van 'n opwaartsstrewende geslag; daar is 'n begeerte na groot dinge; hartstogtelik, vol lewenslus en geesdrif word verlang na die letterkunde, die staatkunde en die wetenskap van die oudheid. Die universele denkbeelde van die middeleeue is verdring; die derde stand tree op die voorgrond; die hele lewe neem 'n ander vorm aan; teenoor die gees van askese tree 'n gees van lewensgenot na vore.

Die reaksie kom in tweërlei vorm tot uiting. Daar was eerstens die terugkeer tot die oudheid: inhoud en vorm van die klassieke kry 'n nuwe bekoring, en deur hierdie studie ontstaan 'n geestesstroming wat humanisme genoem word. Tweedens is daar 'n terugkeer na die Woord van God waarby die vraag gestel word hoe die mens hom met God versoen.

Hierdie rigting loop uit op die hervorming van Martin Luther.[1] Altwee strominge het groot invloed gehad op die opvoedkundige denke van die tyd. Ons wil aan die hand van Luther en Calvyn op die strominge wys wat vir ons doel van belang is.

### (b) Die Hervorming.

Tussen die jare 1517 tot 1570 speel daar belangrike gebeurtenisse af op kerklike gebied. Die reformasie word

---

1. Boyd: The History of Western Education, 187.

egter nie hier beskryf nie; tog wil ons wys op die invloed wat dit op die lewenstruktuur in die algemeen uitoefen en ons wil aantoon watter invloed dit op die opvoeding en op die pedagogiese denkwyse gehad het.

Die humanisme en hervorming kom daarin ooreen dat beide vir vryheid stry, afkerig was van die skolastiese wysheid en dat beide die studie van ou tale as belangrik ag. Die parallel hou egter hiermee op en ons sien die diepgaande verskille. Die humanisme beskou die Bybel as studiemateriaal. Die wetenskap is die hoogste goed. Die mens is onvolmaak, nogtans is hy God se skoonste skepsel en is nie voor God verwerplik nie. Die reformasie sien die Bybel as Gods Woord, waarin die weg tot saligheid gevind word. Godsvrug en nie wetenskap nie is die hoogs begeerlike goed. God en nie die mens nie is die hoogste mag.[1] Deur die sonde is die mens van sy Skepper geskei en slegs in Jesus Christus is hereniging moontlik.[2] Daar is 'n diep kloof tussen die humanisme en die hervorming; daarom kon Luther en Erasmus ook nie saam optrek teen die Rooms-Katolieke kerk nie.

Met die reformasie tree 'n nuwe lewenstruktuur in die lig; die reformasie sien die lewe en lewensverhouding anders as die middeleeuse Rooms-Katolieke kerk en ook anders as die humanisme.[3] Die reformatore moes dus teen twee foute stry.

(c) Luther.

Dr. Maarten Luther (1483-1530) was nie alleen hervormer op die gebied van kerk en godsdiens nie, maar ook van die skool en die opvoeding.[4] Hy het hom selfs meer met die

---

1. Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 43 - 45.
2. Van Duyvendijk en Visser: Nieuwe Geschiedenis der Paedagogiek, 34.
3. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 533.
4. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 139.

opvoeding bemoei as Calvyn en Zwingli.[1]

Luther wil dat alle kinders onderwys ontvang en hy wil die skoolorganisasie hervorm van bo af, naamlik van die universiteite af. Hy skryf dan ook in 1524 aan die burgemeesters en raadshere in Duitsland om Christelike skole op te rig en te onderhou. Die skool word dus aan die owerheid opgedra.[2] Indirek het hy aan volksopvoeding gewerk deur sy „Klein Kategismus" (1659), sy Bybelvertaling en sy godsdienstige liedere.

Vir Luther lê die grond van sy belangstelling vir die probleme van die opvoeding in die hoogagting van die beroep. Een of twee uur per dag was genoeg; die res van die dag moet met die leer van handwerk tuis deurgebring word. As die kind vir die wêreld en nie vir God opgevoed word nie, is dit weer 'n geval dat hy aan die afgode geoffer word. As die ouer dit nie wil nie, moet die kind ongehoorsaam wees want God word tog hoër geag as die ouer. Hy ag die beroep hoog. As 'n meisie 'n straat skrop en sy doen dit goed, dan doen sy Gods werk.[3]

Die huislike opvoeding ag hy hoog; liggaamlike straf word op grond van die Heilige Skrif verdedig; die moeder moet die kinders leer en die vader moet hulle eenmaal per week ondervra. Die grootste werk is om die kind goed op te voed; daarvoor is kennis van die kindersiel onmisbaar. Hy beskou die studie van tale van groot belang. Die staat moet sorg dat seuns en meisies kan lees en hy beskou biblioteke noodsaaklik. Musiek staan by hom hoog aangeskrewe.

Die opvoedkundige betekenis van Luther lê daarin

---

1. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 144.
2. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 542.
3. op cit., 536.

dat hy aan die Duitse volk die Bybel gegee het; hy het ouers en owerheid gedurig daarop gewys dat hulle verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders; hy het die godsdiensonderwys op skool benadruk; hy het gehelp om staatskole vir sy volk te kry en hy het die onderwysamp as hoogstaande aan die lig gebring.

(d) Zwingli.

Die hervormer, Ulrich Zwingli (1481-1531), tree ongeveer gelyktydig met Luther na vore.[1] Soos Melanchton is sy opvoedkundige denkbeelde sterk onder die invloed van die humanisme.[2] Bavinck sê: „Het was een stoute poging, die Zwingli waagde, om de diepere eenheid van Humanisme en Christendom, zooals hij ze in zijn persoon op de schoonste wijse verbond, ook voor de Ethiek vast te houden."[3]

Die beskawing moet die leerstof bepaal ook al is die godsdiens hoofsaak. In sy „Badegeskenk", wat in drie dele opgedeel is, het hy sy opvoedkundige ideë weergegee. Alle sedelike verpligtinge word van die gebod van die liefde tot die naaste afgelei.[4] Zwingli beskou die volkskool as voorbereiding vir die hoër onderwys. Hy het self 'n gimnasium georganiseer; ook skryf hy 'n boekie in 1524 oor die opvoeding van kinders uit goeie huise. Hierin staan hy aan die humanistiese sy as hy sê: nie die eis van die lewe nie, maar die beskawing ( in die humanistiese sin ) moet die leerstof bepaal. Naas godsdiens gee hy aan tale voorkeur terwyl rekenkunde en wiskunde nie verwaarloos moet word nie.[5]

---

1. Bavinck: De Ethiek van Ulrich Zwingli, 179.
2. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 560.
3. Bavinck: op. cit., 29.
4. Ibid., 83.
5. Janssen en Visser: Van Plato tot Decroly, 63.

(e) Johannes Calvyn.

Veel skerper as Luther gee Calvyn (1509-1564) die rigting aan wat die hervorming moet gaan ten opsigte van die humanisme en katolisisme. Hoewel hy Luther baie simpatiek gesind was, het hy sy eie rigting gegaan. Waar Luther gevra het: „Hoe word ek salig?" vra Calvyn: „Hoe kom God tot sy reg?"[1] God is die absolute Soewerein; alle regte kennis is van God;[2] hy stel die vraag hoe God se eer op aarde gehandhaaf sal word.[3] Die mens is as kind en dienskneg van God op die aarde gestel en hy weet dat die Goddelike voorsienigheid hom onderhou; hy is gedurig omring deur gevare,[4] maar hy leef vanuit die geloof dat God hom onderhou. Dit gee ons sy opvatting van die Vader teenoor die kind. Sy opvoeding is 'n verheerliking van God, die God wat absolute mag het. Die mens is egter deur Jesus Christus ook kind van God. Hierdie beginsel van die soewereiniteit van God is in sy „Institutie" uitgewerk. Die skool met sy sewe klasse in Genève in 1558 opgerig, dra in beginsel en leerplan die merk van Calvyn. Die hoër afdeling by hierdie skool, wat in 1564 1200 studente onderrig het, het studente voorberei wat die leer oor geheel Wes-Europa gedra het.

Calvyn het die gedagte van die Heilige Skrif suiwerder begryp as enige teoloog vóór hom. „Daarom geeft Calvyn ons ook de meest hechte basis voor een waarlijk schriftuurlijke en Christelijke paedagogiek."[5]

Calvyn self konsentreer sy kragte op die hoër onderwys, terwyl Marturin Cordier die laer onderwys behartig het.

---

1. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 141.
2. Calvyn: Institutie, Boek I, 40.
3. Ibid., Boek I, xii.
4. Ibid., 221 - 226.
5. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 572.

Hy was dan ook die grondlegger van laer onderwys op reformatoriese grondslag.[1] Calvyn wys op die verkeerde tug; Cordier pleit vir afskaffing van geseling in die skole en Calvyn wys op tug as bestrawwing en ook uitsluiting van die gemeenskap.[2] Tugoefening moet met gebed,[3] liefde en geduld gepaard gaan. Cordier wil opvoed tot vryheid en selfstandigheid, deur gewoonte en deur die aankweek van 'n verantwoordelikheidsbesef teenoor God en die mens.[4] Ook hier is Calvyn baie duidelik: „De geheele hoofdsom van onze Wijsheid, die slechts voor eene ware en grondige wijsheid moet gehouden worden, bestaat uit twee deelen: de kennis van God en van ons Zelven."[5]

In Cordier se skool het godsdiensonderwys die vernaamste plek ingeneem. Ouers moes kinders tuis onderrig in die kategismus, deur Calvyn in 1557 opgestel; in die skool moes hulle psalms leer; verder moes die kinders onderrig ontvang in die moedertaal, in lees, skryf, grammatika en rekene.[6]

Calvyn se leer oor die Christelike vryheid[7] het die gelowige met krag vervul en lewensversekerdheid gegee. Sy ideë is deur sy studente en andere uitgedra na Skotland, Engeland, Frankryk, Holland en ander lande.[8]

(f) Teorie en Praktyk van die Reformatoriese Opvoeding.

Die hervormers wat die humanistiese doel in die

---

1. Calvyn: Institutie, Boek 4, 243 - 266.
2. Ibid., Boek 4, 266 - 297.
3. Ibid., Boek 3, 387 - 476.
4. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 45.
5. Calvyn: op. cit., I, 1.
6. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 142.
7. Calvyn: op. cit., Boek 3, 368 - 374.
8. Hans: Comparative Education, 151 - 194.

opvoeding nie kon aanvaar nie, het as ideaal gestel om Christelike mense voor te berei. Die hervormer se uitgangspunt was die mens as hoogste skepsel, as beelddraer van God, as kind van God. Die Bybel is vir almal beskikbaar gestel en daardeur is die lees en skryfkuns gou ontwikkel.[1] Die kategismus met sy vrae en antwoorde was 'n nuwe en doeltreffende leermiddel.

Die gedagte van die Heilige Skrif het ingang gevind in die bewussyn van die volke, die alledaagse lewe verryk met 'n skat van hoëre elemente en daaraan 'n religieus-etiese wyding gegee.

Deur 'n hoër en 'n ander waardering van beroepsarbeid oefen dit groot invloed uit op die voorbereiding tot die maatskaplike lewe.[2]

Die Calvinisme het die mees alledaagse dinge gekroon met die adel van God en is tereg genoem „die verheerliking van die werklikheid." Die grootste voorreg wat die mens dan ook in hierdie lewe kan verkry, bestaan daarin dat die mens die hoogste regte kry by die hoogste pligte.[3] Deur die doopsformulier word dit die ouer se plig en roeping om die kinders op te voed.

Godsdiensonderwys met die Bybel as die vernaamste Boek, die kategismus en die kortbegrip het manne en vroue gekweek wat alle aardse verdrukking kon weerstaan.

Van belang is dat die hervorming dit daartoe gebring het dat die ideaal van 'n volkskool vir laer onderwys in die lewe geroep is, hoewel daar nie eintlik iets nuuts op die gebied van metodes tevoorskyn gekom het nie.

---

1. Good: A History of Western Education, 146.
2. Barnard: A Short History of English Education, 80.
3. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, II, 570.

Van besondere belang is die Calvinistiese tugbeskouing. Die mens se gesag oor die kind, wat van God geleen is, word hoog geag. Die kind moet homself aan God onderwerp, daarom moet die Calvinistiese opvoeder nie net hoë eise aan die kind stel nie maar ook aan homself, omdat hy verantwoordelik is aan God.

4. Die Sewentiende Eeu.

(a) Comenius en sy Tyd.

Johan Amos Comenius[1] (1592 - 1670) is die grootste pedagogoog uit die natyd van die reformasie, 'n tyd van worsteling om vryheid op godsdienstige en staatkundige gebied. Juis in hierdie worsteling en stryd word Comenius gevorm tot 'n volhardende lyer en stryder vir sy beginsels.[2]

As kind van sy tyd was hy eerstens teoloog, maar aangegryp deur die nuwe gedagtes in die natuurwetenskappe, word hy verkondiger van nuwe ideale. Daar was 'n reaksie teen die oorheersing van die klassieke; die induktiewe metode maak opgang en die kerkhervormers benadruk verantwoordelikheid. Die Bybelvertaling het as gevolg gehad dat die volk kon lees en mondig word. In Comenius het die magtige plan ryp geword om die wetenskap algemeen te maak en om 'n metode van onderrig te ontwerp. As lid van die veel vervolgde Morawiese Broedergemeente is hy gestaal in die geloof, verskerp in sy organisasievernuf en het hy sy geestesoog oor die aardse lewe heen op die hemele gerig.

(b) Sy Lewe en Werke.

Comenius is die Latynse naam vir Komensky, wat afgelei

---

1. Janse: De Groote Onderwijsleer van Johan Amos Comenius in Pedagogische Geschriften, Deel III.

2. Keatinge: The Great Didactic of John Amos Comenius, 151.

is van Komma, die plek waar sy vader gebore is. Hy is vermoedelik in 1592 by Nievnitz in Morawië gebore. Op sestienjarige leeftyd was hy op die Latynse skool by Prerau; vandaar gaan hy na Herborn en nog later na Heidelberg, waarna hy 'n groot rondreis onderneem voordat hy in 1614 na sy vaderland terugkeer.

In Prerau en Fulneck, waar hy predikant word, begin hy skoolboeke skryf, maar tydens die oorlog moes hy na Boheme en later na Pole vlug. In Lissa, Pole, neem hy naas sy gemeente ook die Latynse skool oor en skryf sy „Didactica Magna", sy „Janua Linguarum Reserata", sy „Informatorium" van die moederskool en 'n ontwerp van die „Pansophia". Laasgenoemde is as rigsnoer vir die beoefening van die Christelike wetenskap bedoel.

Comenius was nou beroemd; van sy werke word tot in twaalf Europese tale vertaal;[1] hy word uitgenooi om die onderwys in Engeland te hervorm en hy neem die uitnodiging aan. Deur politieke toestande slaag hy nie na wense nie en hy gaan na Swede. Vir 'n tweede keer besoek hy Lissa en dan Saros-Patak, waar hy ook sy „Orbis Pictus" (die wêreld in beeld) skryf. In 1636, toe hy die derde maal in Lissa gaan woon, verbrand die Pole sy huis met tallo van sy ongepubliseerde stukke. Hy vlug en vestig hom in Amsterdam. Hier gee hy met behulp van Laurens de Geer sy werke in vier dele uit, skryf sy swanesang „Unum Necessarium" en sterf op 15 November 1670.[2]

(c) Enkele belangrike Gedagtes van Comenius.[3]

Weinig opvoedkundiges het so 'n veelbewoë lewe gehad maar ook weinig het so 'n edel en sterk karakter vertoon soos Comenius. Sy invloed het ver gestrek en was veral te danke

---

1. Riemens - Rourslag en Yzer: Groei. I, 106.
2. Ibid., 109.
3. Keatinge: The Great Didactic of Comenius, Part II, 25.

aan sy goed georganiseerde sisteem van volksopvoeding en volksonderwys, uitgewerk in drie-en-dertig hoofstukke van sy „Didactica Magna".

Hier volg van sy belangrikste gedagtes uit hierdie werk.

(i) Gods beeld in die mens het deur die sondeval verlore gegaan, maar deur Christus kan die mens weer tot God kom en gelukkig word. Daar is geen kragtiger middel om die mens se verwording te bestry nie, as 'n juiste opvoeding van die jeug.

(ii) Die mens lei 'n drieërlei lewe: 'n plantaardige, 'n dierlike en 'n geestelike lewe, daarom het hy 'n drieërlei verblyfplek: die moederskoot, die aarde en die hemel. Die opvoedingsdoel is om die plantaardige en dierlike lewe aan die geestelike lewe diensbaar te maak. Die lewe is slegs 'n voorbereiding vir die Ewige.

(iii) As redelike skepsel, regeerder van die skepsels en ewebeeld van God moet die mens opgroei in kennis, deug en vroomheid.

(iv) Elke mens is gebore met bevoegdheid om kennis van dinge te verwerf. Vir alles is opvoeding nodig, daarom moet elkeen leer om sy geestelike en liggaamlike eienskappe te ontwikkel; vandaar die eis om aan almal alles te leer afgesien van aanleg of bekwaamheid. (Alleen geestesafwykendes word uitgesluit).

(v) Van die natuur leer ons hoe ons moet onderwys; dit doen alles op die regte tyd; dit berei eers die stof voordat daaraan vorm gegee word; dit werk van binne na buite; dit begin by die algemene en werk na die besondere (konsentriese leergang); dit maak geen spronge nie; dit vermy die skadelike.

(vi) Alles moet eers in gepaste volgorde deur sintuiglike waarneming opgeneem en dan met opmerksaamheid verwerk word.[1)]

(vii) 'n Skool sonder tug is 'n meul sonder water. Die tug is egter sag, na die voorbeeld van die son, wat aan die mens bestendig lig en warmte, dikwels reën en wind en slegs selde bliksem en donder gee.[2)]

(viii) Die skole verdeel hy in vier klasse:

(a) die moederskool; dit is die huislike kring met moederlike versorging (tot die 6de jaar)[3)];

(b) die laer- of volkskool of moedertaalskool vir kinders van 6 tot 12 jaar;

(c) die Latynse skool of gimnasium vir leerlinge van 12 tot 18 jaar en

(d) die akademie en reise, vir jong manne tussen 18 en 24 jaar.[4)]

In die moederskool leer die kind sy omgewing waarneem; in die moedertaalskool moet seuns en dogters, arm sowel as ryk, in die moedertaal onderwys word in lees, skryf, rekene, sang, godsdiensonderwys, staatsinrigting, geskiedenis, aardrykskunde en kennis van bedrywe (oefening van verbeelding en geheue). In die gimnasium word onderrig gegee aan die wat meer as handewerk kan en wil leer. Hulle leer wiskunde, vreemde tale en verder die ander wetenskappe op induktiewe wyse (oefening van oordeel en verstand). Aan die akademie, wat ook dien vir die opleiding van onderwysers, kan jongelinge in een rigting volgens aanleg verder studeer (oefening van die wil). Daarna kan hulle reis vir verdere ontwikkeling.

(ix) In die moedertaalskool behoort die onderwys klassikaal te wees; die onderwyser kan honderd leerlinge tegelyk

1. Keatinge: The Great Didactic of Comenius, Part II, 162.
2. Quick: Essays on Educational Reformers, 139.
3. Ibid., 141.
4. Riemens-Reurslag en Yzer: Groei I, 112.

onderrig en hulle in die middag in groepe van tien aan ouer leerlinge toevertrou (mentorstelsel).

(x) Wedstryde om ywer aan te moedig, word gereeld gehou en mens leer die kinders om selfregerend te word.

(xi) Elke klas het 'n leerboek; die volgende klasse behandel dieselfde stof net meer in besonderhede (konsentrasiebehandeling).

(xii) Die mens se gees is 'n onbeskrewe plaat waarop alles geskryf moet word.[1]

Comenius, grondlegger van die nasionale volkskool, was sy tyd ver vooruit. Hy eis dat moedertaalonderwys aan sowel seuns as meisies gegee word en hy sien dat grammatika uit die taal en nie omgekeerd nie geleer moet word. Deur die opwekking van belangstelling en aktiwiteit word die skooltug sagter. Hy verwag van sy metode te veel omdat hy 'n gebrek aan psigologiese insig gehad het. Daarom hou hy te min rekening met die individualiteit van sy leerlinge. Ook Pestalozzi het hierdie fout begaan.

Comenius was die voorbereider van die nuwe skool. As grootste opvoeder uit die natyd van die hervorming en vertolker van die sinlike realisme in die opvoeding onder oortuigde Christene,[2] was hy vir die Christelike pedagogiek van besondere betekenis.

5. Die Piëtisme.

(a) Inleiding.

Die kerkhervorming het in Noord-Wes Europa 'n opgewekte geestelike lewe gebring; daar was in die sewentiende en

---

1. Van Duyvendijk en Visser: Nieuwe Geschiedenis der Paedagogiek, 41 - 43.

2. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 170.

agtiende eeu 'n groot herlewing op godsdienstige gebied; twisvrae oor leerstellinge het nie die mistieke eenheid van die gelowiges versteur nie; na 'n tydperk van stryd en lye kom 'n tydperk van insinking en verdieping van die geestelike lewe.

As reaksie teen die dogmatisme ontstaan in Nederland en later in Engeland en Duitsland die piëtisme. In Engeland en later in Amerika word dit die puriteinse beweging. Die piëtisme (van piëtas; dit is vroomheid) was 'n réveilbeweging in die Lutherse kerk. Die oorsprong lê in die „Collegia piëtatis" (vergadering van vroomheidsoefening), wat Spener in 1670 in sy huis begin hou het. Die doel was om prakties deur gebed en goeie voorbeelde die verstandelike en „dooie" Christendom te bestry. Die persoonlike belewing staan op die voorgrond.[1]

Die invloed op opvoedkundige gebied was groot, veral in Duitsland. A.H. Franke[2] se arbeid veral interesseer ons, omdat hy die pedagoog van die piëtisme is.en omdat die piëtisme vir die Christelike opvoeding 'n ware seën was, deurdat dit die formeel-geworde Christelike opvoeding verlewendig het.

(b) Franke se Lewe en Werk.

August Hermann Franke (1663-1727) gebore in Lubeck, ontvang privaat onderrig totdat hy na die gimnasium gaan. Op 14 jarige leeftyd begin hy sy universitêre onderwys.[3] Op 23 jarige leeftyd verkry hy die magistergraad, en daarna studeer hy vir predikant in Lüneburg. Na 'n innerlike stryd kom hy die verstandelike geloof te bowe en kry hy die „versekering van die hart."[4] Hy kom met Spener in aanraking,

---

1. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 160.
2. Bigot en van Hees: Verleden en Heden, 57.
3. Lem: De Groote Opvoedkundigen in hun Hoofdwerken Geschetst, 68 - 149.
4. Janssen en Visser: Van Plato tot Decroly, 93.

wat die nadruk op die godsdienstige lewe en gevoel lê. Daarna begin hy sy pedagogiese werksaamhede met die oprigting van 'n „Arme-skool" (1695).

Aangemoedig deur toenemende belangstelling stig hy ook 'n burgerskool, 'n kosskool, 'n kweekskool vir die onderwysers en 'n weeshuis. Later stig hy ook 'n meisiekosskool en 'n tehuis vir weduwees. Franke hou 'n apteek, 'n boekhandel en 'n drukkery aan om geld vir sy skole te kry. Toe hy in 1727 sterf, was daar ongeveer 2000 leerlinge in sy skole.

Die onderwysers dra die ideë van hierdie praktiese Christen ver buite die grense van Halle uit.

Sy onderwysmetodes het primitief gebly: lees word volgens die spelmetode onderwys, rekene werktuiglik; lettervorming was goed. Soberheid en strengheid was 'n kenmerk van die piëtisme se opvoedingsisteem; beloning en aanprysing het na Franke se oordeel tot ydelheid gelei. Die kind moet straf as 'n weldaad beskou, maar liefde bly die grondslag van die tug.[1] Kinders moes hardop bid in teenwoordigheid van ander en dit het meermale tot huigelary en leuenagtigheid gelei.

Die titel van Franke se vernaamste opvoedkundige werk, „De Opvoeding tot ware Godzaligheid en Christelijke Wijsheid,"[2] toon sy ernstige strewe. Die doel van die opvoeding is die eer van God; die hoofmiddel is die vorming van die gemoed; om die wil te vorm, moet die eie wil gebreek, sodat 'n wil tot gehoorsaamheid gebore kan word.[3]

(c) Sy Middele tot Ware Godsaligheid.

Om die jeug tot ware Godsaligheid te vorm, beveel

---

1. Douwes: Moderne Paedagogiek, III, 20.

2. In Ned. vertaal deur Wiland, 1925.

3. Skrikwerda: „August Hermann Franke", in Paedagogisch Tijdschrift, 1927, 14 - 15.

Franke die volgende middele aan: die voorbeeld van die opvoeder, die leer van die kategismus, lees van die hele Heilige Skrif, vermaning, belofte en bedreiging, nooit 'n ondeug aanprys nie, liefde kweek vir gehoorsaamheid en vlyt, liefde vir waarheid, die gebed, vermyding van slegte geselskap, straf met liefde. Dis nodig om in gedagte te hou dat die opvoeding tot Godsaligheid van God afhang wat alleen die seën daarop kan gee.[1]

(d) Opvoeding tot Christelike Wysheid.

Net soos die Godsaligheid streef die Christelike wysheid die hoogste doel na, naamlik die eer van God. Op kennis en ervaring berus die wysheid en die volgende dienste is tot ons beskikking om die kinders Christelike wysheid te leer: oefening in opmerksaamheid, werwing van ervaring, bestryding van vooroordele, toepassing van onderwys, duidelike doelstelling, verwysing na gevare en goeie lektuur.[2]

'n Aantal gedagtes van Franke het vandag nog vir ons waarde. Hy stel onderwys ondergeskik aan opvoeding; hy het 'n belangrike doelstelling by sy onderwys; sy opvoeding is aktief; vorming gaan bo geleerdheid; Gods eer moet in alles gesoek word; die nadruk kom op die hiernamaalse. Hierdie beginsels is vir die Christelike opvoeding van groot belang. By al hierdie prysenswaardige opvoedingsgedagtes het hy tog groot foute begaan: hy mis die insig in die motiewe van die kinderhart; hy verwaarloos die selfstandige arbeidsdrang by die kind; hy verbied spel; sy wilsverbreking is gevaarlik omdat dit nie die werk van die opvoeder is nie maar van God.

---

1. Van Duyvendijk en Visser: Nieuwe Geschiedenis der Paedagogiek, 69 - 71.

2. Sien Van Duyvendijk: „Franke's Opvoeding der Jeugd", in Paedagogische Geschriften III.

## 6. Die Christelike Skool na die 18de Eeu.[1)]

### (a) Inleiding.

In die 19de eeu verdring die humanisme die Christendom: dit is 'n eeu van liberalisme, 'n eeu waarin die godsdiens deur die wetenskap vervang word. Natuurwetenskap en nie meer Christelik nie maar ewolusionisties. Die liberalistiese verwatering van die onderwys word in menige opsig nog gevaarliker as die positivisme wat openlik vyandig gesind is. Die liberalisme laat die godsdiens toe in die skool maar dit is 'n kleurlose godsdiens waaraan Christen en Jood, selfs 'n heiden, geen aanstoot kan neem nie. Die sogenoemde neutrale skole kom in gebruik, skole waarin godsdiens sonder dogma kleurloos en verwater aangebied word; ook op nasionale gebied het dit kleurloos geskied. Daarom ook dat die oortuigde Christene hulle stryd die Christelik-nasionale stryd noem.

Die negentiende eeu is vir die oortuigde Christen 'n teleurstellende tydperk;[2)] daar was geen ware godsdiens nie. Juis hierin egter lê die „splijtzwam".[3)] Deur almal te wil bevredig, word niemand bevredig nie; die gemengde skool het getrag om ingang te vind deur aansluiting by die histories geworde toestande te soek. Vir diegene egter wat aan Gods Woord vasgehou het, het die negentiende eeu nie liberalisties geword nie. Die een groep wat die stryd teen die liberalisme aangeknoop het, was die Rooms-Katolieke. Hoewel groot opvoedkundiges soos Pestalozzi, Herbart, Froebel en Spencer die Christelike pedagoë op die agtergrond gedring het, was daar nog groot Rooms-Katolieke priester-opvoedkundiges soos Pére

---

1. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 231 - 246.

2. Valentine: Twentieth Century Education, 561.

3. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 285.

Girard, Johan M. Sailer en Rooms-Katolieke pedagoë, soos L. Kellner, F. Dupanloup, D.G. Bosco en Otto Willman.

Aan die anderkant was daar die Calviniste wat onmiddellik na die liberalistiese wetgewing die stryd aangeknoop het; die Noord-Nederlanders se stryd het 80 jaar geduur tog het dit op 'n oorwinning uitgeloop. Daar was egter byna geen Protestantse opvoedkundige van enige beroemdheid wat deur hierdie tydperk opgelewer is nie.[1]

(b) Die Gereformeerde Skoolstryd in Nederland na 1800.

Omdat die staat in die sewentiende en agtiende eeu die onderwys in Nederland georganiseer, en die Franse Rewolusie met sy denkbeelde neutrale skole voorgestaan het, het die Calviniste geleidelik hulle weg tot 'n eie opvoeding gebaan.

Van 1806-1857 was dit 'n stryd om vrye onderwys;[2] van 1857-1889 'n stryd om die karakter van die openbare skool en van 1889-1920 het die stryd om finansiële gelykstelling gegaan.

Die skoolwet van 1806[3] wou almal met sy neutraliteit bevredig. Da Costa, wat in 1822 openlik van die Jodedom na die Christendom oorgegaan het, skryf in 1823 sy opsienbare werk „Bezwaren tegen de geest der eeuw", waarin hy heftig te velde trek veral teen die spekulering met die sogenoemde eergevoel en die oordrewe intellektualisme, waardeur die kinders „tot duiveltjes van hoogmoed en tot duiveltjes van nijd"[4] gevorm word. Bilderdijk was sy leerling in hierdie stryd behulpsaam.[5] Die skoolstryd oor beginsel het ont-

---

1. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 232.
2. Skoolwet weergegee deur Scheepstra en Wolstra: Beknopte Geschiedenis van de Opvoeding en het Onderwijs vooral in Nederland, 314 - 346.
3. Riemens-Reurslag en Yzer: Groei, 305.
4. a. Aangehaal deur Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 285.
   b. Van Duyvendijk en Visser: Nuwe Geschiedenis der Paedagogiek, 153.
5. Bigot en Van Hees: Verleden en Heden, 192.

brand, maar oor die praktyk was daar nog min gesê.

Groen van Prinsterer (1801-1876) wat in 1840 lid van die Tweede Kamer word, pleit dadelik vir splitsing van die openbare skool en vryheid vir die stigting van besondere skole. Willem II was daarvoor te vinde; en hy stel 'n kommissie aan om verbeteringe voor te stel. Die gevolg was die K.B. van 1842, waarin die neutraliteitsbeginsel weer skerp beklemtoon is.[1)]

As reaksie hierop word die strewe om skole volgens eie rigting al sterker, en reeds in 1844 word so 'n skool in Nijmegen opgerig. Onder redaksie van J.J.L. van der Brugghen tree die „Nijmegense Schoolblad" op as propagandablad en word daarop aangedring dat die skool van partikuliere verenigings moet uitgaan. In 1846 word aan die skool van Nijmege 'n normaalskool, die „Klokkenberg" verbind. Langsamerhand neem die aantal Christelike skole toe en Groen van Prinsterer sit nog steeds sy aksie voort.

1848, die rewolusiejaar, het ook hersiening van die grondwet gebring. Vryheid van onderwys word ingevoer;[2)] die gehate outorisasiebepaling is geskrap, hoewel dit nog nege jaar sou duur voordat die vryheidsbeginsel uitgewerk sou word.

In 1857-1889 gaan die stryd om die karakter van die openbare skool voort. Die 1857 wet bepaal dat die onderwyser hom daarvan moet weerhou om iets te leer, te doen of te laat, wat strydig is met die eerbied, verskuldig aan die godsdienstige begrippe van andersdenkendes. Hierdeur moes die karakter van die openbare skool bepaal word.

---

1. Riemens-Reurslag en Yzer: Groei, 311.
2. Wolters: Beknopte Overzicht van Opvoeding en Onderwijs, 24.

Die Groninger-rigting pleit egter nog steeds vir die godsdienstige karakter van die openbare skool. Die voorstanders van die Christelike skool probeer nog steeds om hulle besondere skole op te rig. Groen van Prinsterer het duidelik begryp dat met die aanname van die 1857 wet daar geen fakultatiewe skeiding kan wees nie; daarom moes daar afsonderlike skole gebou word. Maar selfs oor hierdie skole was daar verskil tussen die Hervormde Kerk en die Christelik afgeskeides. Daarby kom ook dat die Rooms-Katolieke hulle eie skool begeer. Die geleidelike groei van die Christelike skole[1] het ook verskille in die C.N.S. geopenbaar.[2]

In 1878 kom daar 'n nuwe skoolwet: die skoolwet van „Kappeyne van de Coppello." Hiervan skryf Kuyper in die „Standaard": „Nooit of nimmer is de vrije school zó ruw en zó hardhandig aangepakt en op zó barbaarse manier de stoep afgedrongen, als in dat koele, onbarmhartige, diep krenkende staatsstuk."[3]

Die openbare skool kry aansienlike voordele en die Christelike skool moes op eie bate staatmaak. Dit het ten gevolg gehad 'n volkspetisie van 3 Augustus 1878, maar ook dit was sonder sukses. Die pogings tot afsonderlike skole word verskerp en kollektes word gehou; op politieke gebied word die stryd deur Kuyper, Lohman en die Rooms-Katoliek Schoepman voortgesit. In 1889, nadat die anti-rewolusionêres en Rooms-Katolieke met Mackay as minister die meerderheid behaal het, word 'n wysigingswetsontwerp aangeneem waardeur aan die afsonderlike skole 'n subsidie toegestaan word. Die toelae het 30% van die koste gedek.[4]

---

1. Langedijk: De Schoolstrijd in de eerste jaren na die Wet van 1857, 97 - 100.
2. Van Klinken: Hoofdlijnen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 288 - 290.
3. Aangehaal deur Van Klinken: op.cit., 290.
4. Riemens-Reurslag en Yzer: Groei, 316.

Van 1889 tot 1920 gaan die stryd om finansiële gelykstelling. Na die eerste toegewing deur subsidie het die skoolstryd prakties geword. Alle skole moet gelyke finansiële steun ontvang. Na 'n stryd waarin Kuyper 'n vername rol gespeel het word volle gelykstelling[1] in 1917 toegestaan.

(c) Moderne Christelike Opvoedkundige Skrywers.

Op die gebied van die opvoedkunde kom daar besondere oplewing aan die einde van die negentiende eeu. Prof. dr. H. Bavinck is die eerste wat met sy breë blik die hele terrein van die pedagogiek en psigologie oorsien en met sy meestershand die stof sistematies orden.

Prof. dr. J. Waterink, die pedagogiese opvolger, sit Bavinck se werk voort aan die Vrye Universiteit.

Prof. dr. J.H. Gunning W. seun, miskien Nederland se bekendste pedagoog was vir jare redakteur van „Het Kind". Hy skryf verskillende artikels ook in ander tydskrifte.

Verder kan ons noem prof. dr. Ph. Kohnstamm en prof. dr. J. Hoogveld as vooraanstaande Christelike pedagoë.[2]

Ook in Suid-Afrika het ons die velle stryd wat nog voortduur maar tog grond wen onder leiding van die besonder hoog aangeskrewe pedagoog, prof. dr. J. Chr. Coetzee van Potchefstroom. Ander moderne vegters vir die Christelike opvoeding in Suid-Afrika is: prof. dr. J. de W. Keyter, prof. dr. J.G. Meiring en prof. dr. B.F. Nel.

7. Samevatting.

(i) Deur die eeue, temidde van verskillende strominge en rigtinge, is die Christelike rigting in die pedagogiek

---

1. Riemens-Reurslag en Yzer: Groei, 317.

2. Janssen en Visser: Van Plato tot Decroly, 246 - 258.

duidelik sigbaar.

(ii) Die Joodse pedagogiek is vir die Christen van die allergrootste belang omdat dit die volk is aan wie God Hom geopenbaar het en uit wie die Saligmaker, Jesus Christus, gebore is.

(iii) Die teorie en praktyk van die opvoeding van Jesus Christus bly vir die Christen die ideaal. Die opvoedingsdoel is om die Koninkryk van die Hemele te soek, dan sal al die ander dinge die mens toegevoeg word. Omdat Hyself God is, is Hy volmaakte Leraar.

(iv) In die vrye Romeinse staat versprei die Christelike pedagogiese ideaal onder al die nasies en omdat dit die skerp teenstelling tussen vrye en onvrye mense versag het, slaan dit diep in veral by die minderbevoorregtes.

(v) Augustinus was die vernaamste Christelike pedagoog in die jare om 400 na Christus. Hy wil liefde en opgewektheid by die onderwys tuisbring. Sy opvoedingsdoel is: die hoogste goed.

(vi) Gedurende die middeleeue kry die Rooms-Katolieke kerk groot mag oor die opvoeding; deur die hervorming egter kom daar 'n skerp skeiding tussen die twee rigtings.

(vii) Luther was 'n groot hervormer, nie net op die gebied van kerk en godsdiens nie, maar ook hervormer van skool en opvoeding. Hy wil aan almal onderwys gee; hy gee die Bybel aan sy volk in hulle eie taal en benadruk godsdiensonderwys.

(viii) Calvyn, wat die lyne skerp trek tussen die hervorming aan die een kant en die humanisme en Katolisisme aan die ander kant, stel die vraag: Hoe kom God tot sy reg.
Sy opvoeding is 'n verheerliking van God en die mens is deur Jesus Christus ook kind van God. Hy konsentreer sy kragte

op die hoër onderwys terwyl Cordier die laer onderwys behartig het met godsdiensonderwys as vernaamste vak.

(ix) Comenius is die grootste pedagoog uit die natyd van die hervorming. Hy skenk aan die opvoeding voorbeeldige metodes van onderrig in sy „Didactica Magna".

(x) In die agtiende eeu tree die piëtisme na vore, met Franke as die groot verteenwoordiger van die Christelike pedagogiek. Die piëtisme trek te velde teen die „formeel geworde Christelike opvoeding" en wil dit verlewendig. Dit lê die nadruk op die hiernamaalse.

(xi) Na die 18de eeu verdring die humanisme die Christelike opvoeding. Natuurwetenskappe en nie meer die godsdiens nie is die belangrikste. Die sogenoemde neutrale staatskole kom in gebruik en die gees van die opvoeding word liberalisties.

(xii) Die 19de eeu is vir die ware Christen 'n treurige tydperk: daar is geen ware godsdiens en godsdienstige opvoeding nie.

(xiii) Uit hierdie insinking op godsdienstige gebied ontstaan van Calvinistiese kant 'n stryd om Gereformeerde skole in die Nederlande, wat op 'n oorwinning uitloop.

(xiv) Davinck was die groot kampvegter in Nederlande.